

20 Oktober

Skrifgedeelte: Prediker 9 en 10 (OAV)

Fokusgedeelte: Prediker 9:1-12

Christus waarborg die vreugde van die lewe

Dood is 'n tema waaroor herhaaldelik in hierdie boek gepraat word. Dit is omdat die dood een van die realiteite van die lewe is. En om sinvol en wys, te lewe, moet ons gereed wees vir die dood – ons eie dood of die dood van diegene vir wie ons lief is.

As Christene verstaan ons dat die dood die gevolg van die sondeval is. Maar die dood skok ons tog telkens weer, want hy is 'n indringer. Hoe kan ons die frustrasie van die dood hanteer?

Daar is twee gawes om met die realiteit van die dood te handel. Hierdie gawes is die genieting van die lewe en harde werk. God gee dit sodat ons geduldig kan wag totdat Hy alles, insluitend die dood, tot oordeel kan bring. Moet daarom nie deur die dood in beslag geneem word nie. Moet dit nie probeer ontvlug nie. Nee, geniet God se gawes en werk hard.

Ons kan die lewe geniet, want Christus het die angel van die dood uitgehaal. Christus lewe en in Hom is ons lewe gewaarborg. Dit is waarin die ware vreugde van die lewe lê – die waarborg van die ewige lewe. Die opstanding van Christus laat ons daadwerklik opstaan om met vreugde die lewe te geniet. Doen dan wat jou hand vind om te doen. Werk terwyl dit dag is en geniet die genadetyd met oorgawe.

Sing: Psalm 33:7,9

Ds TC de Klerk (Potchefstroom-Suid)